

5 Februarie

Skrifgedeelte: Matteus 15:1-20

Wat uit die mond uitgaan maak onrein en nie kos nie

Jesus is in konflik met sy vyande, die Fariseërs en die Skrifgeleerdes. Hulle klou vas aan tradisies wat Moses geleer het en hulle lê laste wat nagekom moet word op mense. Jesus se groot opdrag is om die waarheid en liefde te verkondig. Daarom leer Hy hulle dat hulle skynheilig is. Hulle verontagsaam die vyfde gebod ter wille van geld. Hulle maak slim planne en betaal 'n paar rand vir die kerk en verontagsaam só hulle verantwoordelikheid teenoor hulle ouers. Dit is die sogenaamde Korban wat hulle toepas (Mark 7:11). Hulle handel volgens die oorgelewerde gebruike waarvan die rabbi's vertel het en so is dit mondelings van geslag tot geslag oorgedra en het die wet van Moses op die agtergrond geskuif. Hulle eer is lippetaal en kom nie opreg uit die hart nie. Sommige tradisies is uiterlik en nie innerlik nie (Matt 15:9).

Jesus onderrig nou die menigtes en sy dissipels. Hy roep hulle en stel dit duidelik dat hulle nie bekommerd hoef te wees oor die Fariseërs nie. Hulle leerstellings is nie van God nie en daarom sal dit ook nie staande bly nie.

Daarom spel Jesus vir Petrus uit wat rein is en wat nie. Om God te dien en lief te hê volgens die Woord en om deur die Heilige Gees gelei te word, dit maak heilig, dit is rein. Maar dit wat uit die mond uitkom, soos byvoorbeeld moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis en kwaadpraterij, is dinge wat mens onrein maak. Toets dus alles aan die Woord – elke tradisie en gebruik – en kyk of dit van God kom. Toets dit of dit uit die hart tot eer van God is.

Sing: Skrifberyming 21:1,5

Ds GS Kruger (Centurion)